**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr. : A87/2005

In die saak tussen:

**THABO SIMON MOHOLA** Applikant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** BECKLEY, R *et* CILLIé, R *et* H.M. MUSI R

---

**UITSPRAAK:** CILLIé, R

---

**GELEWER OP:** 26 JANUARIE 2006

---

[1] Die appellant is deur Gyanda Wnd Regter skuldig bevind aan 'n klagte van poging tot moord en 'n tweede klagte van moord. Hy is daarop tot 10 jaar gevangenisstraf op die skuldigbevinding aan poging tot moord en 18 jaar gevangenisstraf op die skuldigbevinding aan moord gevonnis. Dit is egter gelas dat die opgelegde vonnisse samelopend uitgedien kan word. Met verlof van die hof

kom hy nou in hoër beroep teen die twee vonnisse hom opgelê. Gelyktydig met die aanhoor van die appèl is aansoek gedoen om kondonasie vir die laat voortsetting van die appèl. Die redes vir die versuim in hierdie verband is aanvaarbaar verduidelik en kondonasie is aan die appellant verleen.

[2] Die appellant se skuldigbevinding spruit voort uit 'n voorval wat plaasgevind het op 21 April 1999. Dit het egter 'n lang aanloop gehad wat vermeld moet word om die gebeure in perspektief te sien. Die appellant was tydens die gebeur 'n polisiebeampte met 17 jaar diens. Hy was reeds 10 jaar getroud met sy vrou en 2 kinders is uit die huwelik gebore. Die oorledene in die moordklagte was die appellant se skoonvader en die klaagster op die poging tot moord klagte is die appellant se skoonmoeder. Die oorledene en klaagster is dus die appellant se vrou se ouers.

[3] Op 16 April 1999 dit wil sê 5 dae voor die voorval waaruit die klagtes spruit het daar die aand 'n hewige rusie tussen

die appellant en sy vrou ontvlam. Die oorsaak daarvan was ‘n horlosie wat die appellant se vrou op die rekening van ‘n manlike kollega van haar gekoop het. Appellant het dit onaanvaarbaar gevind tot die mate dat hy haar daarvan beskuldig het dat sy ‘n verhouding met die man het. Terwyl die rusie voortduur het die appellant begin drink. Later het die appellant sy vrou se vader (die oorledene) gebel om oor te kom en die probleem te probeer oplos. Dié het nie gekom nie omdat hy bejaard was en dit reeds laat in die nag was. Later die nag toe die appellant reeds geslaap het het sy vrou van haar besittings gepak en na haar ouers gegaan.

[4] Die volgende aand, dit wil sê 17 April 1999, is die appellant na sy skoonouers se huis. Hy was onder die invloed van drank. Sy aandrang om sy kind saam met hom te neem het teenstand van sy vrou en skoonmoeder ontlok. Hul vrees was vir die veiligheid van die kind omdat appellant onder die invloed van drank was. Dit het tot ietwat fisiese struweling tussen appellant en sy vrou gelei. Die polisie en

applikant se ouers wat te Potcherstroom woonagtig was is toe gebel. Op advies van die oorledene is die appellant egter later toegelaat om die kind te neem en te vertrek. Toe die polisie later opdaag is dié deur appellant se vrou ingelig van haar vrese oor die veiligheid van die kind. Later die dag het die polisie met die kind en appellant teruggekeer na die skoonouers se huis. Die appellant was egter nie geneë om die probleem te bespreek nie maar het nietemin die kind daar gelaat en briesend vertrek.

[5] Op Sondag 18 April 1999 het die appellant weer daar opgedaag en versoek om die ander kind saam met hom te neem. Dit is toegelaat. Toe die appellant later die kind terugbring was hy vergesel van sy suster. Die probleem is toe in die teenwoordigheid van die oorledene bespreek maar nie opgelos nie.

[6] Op Maandag 19 April 1999 het die appellant se vrou hom geskakel en voorgestel dat hulle gesamentlik die probleem met die appellant se stasiebevelvoerder by die Parkweg Polisiestasie te Bloemfontein moet gaan bespreek. Dit het die appellant geweier. Die appellant se vrou is toe na die polisiestasie waar sy die probleme met die maatskaplike werkster bespreek het. Die appellant is ontbied maar was

teësinnig en die probleem is nie opgelos nie.

[7] Op 21 April 1999 is die appellant die aand weer na sy skoonouers se woning. By sy aankoms aldaar was daar ‘n besoeker in die persoon van ‘n familievriend. Die appellant het aangedring dat hy die huweliksprobleme nou bespreek maar nie in die teenwoordigheid van die besoeker nie. Die oorledene het gevra waarom die appellant nie bereid is om die probleem voor die besoeker te bespreek nie. Appellant het toe gekla oor die feit dat sy vrou die aangeleentheid by sy werk rapporteer het. Skynbaar het die besoeker toe vertrek alhoewel dit nie heeltemal duidelik uit die getuienis is nie. Appellant het versoek dat die hele gesin die huweliksprobleem moet bespreek en dat sy vrou en kind wat toe reeds geslaap het daarvoor wakker gemaak moes word. Die oorledene het gemeld dat die appellant se ouers wel ontbied is en op pad is vanaf Potchefstroom en voorgestel dat daar vir hulle gewag word. Die appellant se skoonmoeder het egter opgestaan om wel die appellant se vrou te gaan wakker maak. Die oorledene het haar gekeer

en voorgestel dat hy eerder die appellant se vrou sou gaan wakker maak omdat die skoonmoeder sieklik is. Dit het die oorledene gedoen maar vanaf die slaapkamer gesê dat die appellant se vrou vas slaap en nie wil wakker word nie. Die appellant het toe opgestaan en gesê" "Ek sal julle nou wys wie ek is." Hy het daarop sy vuurwapen tevoorskyn gehaal. Die skoonmoeder het begin gil en na die slaapkamer gehardloop. Die oorledene het uit die slaapkamer gekom en is geskiet. Die skoonmoeder en die appellant se vrou het toe die slaapkamerdeur toegedruk. 'n Skoot is deur die deur geskiet wat die skoonmoeder in die hand getref het. Die appellant het daarop na die polisiestasie gehardloop en rapporteer wat gebeur het en sy vuurwapen oorhandig.

[8] Bostaande is die weergawe van die gebeure soos wat dit deur die verhoorhof aanvaar was. Volledigheidshalwe moet gemeld word dat die appellant se weergawe grootliks hiermee ooreenstem behalwe dat hy aanvoer dat die oorledene hom uit die huis wou stoot, sy vuurwapen uit sy broek geval het, die oorledene dit gegryp het en hulle oor

besit daarvan geworstel het. Twee skote, een waarvan die oorledene gedood het en die ander die skoonmoeder getref het het toe volgens die appellant afgegaan. Die appellant se weergawe is tereg deur die verhoofhof verwerp.

[9] Ten aansien van vonnis het beide die appellant se vrou sowel as die skoonmoeder getuig. Die effek van hulle getuienis was dat beide van hulle hartseer voel oor die gebeure en die effek daarvan op die kinders. Uit beide se getuienis is elemente van bitterheid oor die appellant se optrede egter nie mis te kyk nie. Met verwysing na Mattheus 5 vers 21 het die skoonmoeder aangedui dat sy berusting vind daarin dat die oortreder aan die hof oorhandig is en daar na verdienste gestraf sal word.

[10] Die gronde waarop 'n Hof van Appèl sal inmeng met die vonnis deur 'n ander hof opgelê is so welbekend dat dit nouliks vermelding verdien. Dit is voldoende om te meld dat inmenging sal geskied wanneer

1. die vonnisoplegger by oorweging van 'n gepaste vonnis 'n mistasting of wanvoorligting begaan het ten aansien van die reg of die feite van toepassing op die geval, of

2. die vonnis al die omstandighede inaggenome onvanpas swaar en skokkend is.

[11] Namens die appellant het Mnr. Reinders aangevoer dat die verhoorhof by oorweging van vonnis onvoldoende aandag geskenk het aan die appellant se bonormale gunstige

persoonlike omstandighede asook die omstandighede wat geheers het tydens die pleeg van die misdrywe. So 'n aangevoerde grond van wanvoorligting by oorweging van die vonnis is, indien nie geheel nie, baie naby aan gelyk daaraan om aan te voer dat die vonnis in al die omstandighede onvanpas swaar en skokkend is. Na alles is die vraag of onvoldoende gewig aan sodanige omstandighede geheg is en die vraag of as sulke omstandighede na behore in aanmerking geneem is die vonnis onvanpas is, in wese dieselfde.

[12] Die vraag is dus steeds of die opgelegde vonnis van 18 jaar gevangenisstraf en 10 jaar gevangenisstraf sodanig is dat dit inmenging regverdig. Mnr. Reinders voer aan dat die appellant as 35-jarige eerste oortreder met 17 jaar diens in die polisie en 'n huwelik van 10 jaar met twee kinders in 'n ander klas val dan die gewone tipe veroordeeldes wie se vonnis daagliks deur die howe oorweeg word.

[13] Ten aansien van die misdaadomstandighede voer Mnr. Reinders aan dat dit duidelik is dat die appellant in 'n erg emosionele toestand was tydens die gebeure. Dit is volgens hom teweeggebring deur die vermoede dat sy eggenote betrokke was by die persoon deur wie sy die horlosie gekry het. Mnr. Reinders beklemtoon ook dat die appellant direk na die voorval volgens aanduidinge tot sy sinne gekom het en die voorval by die polisie gaan rapporteer het.

[14] Mnr. Hiemstra namens die staat het betoog dat die appellant as geregsdienaar nie met die gewone maat gemeet moet word nie omdat die gemeenskap na hom opsien vir beskerming. Volgens hom moet die appellant getrou aan sy opleiding deurgaans op 'n gedissiplineerde en professionele wyse optree. Vergelyk **S v KRIELING** 1993 (2) SASV 495 A.

[15] Vanweë die bepaligs van Artikel 51(2)(a)(1) van Wet 105 van 1997 was die appellant aan 'n minimum vonnis van 15

jaar gevangenisstraf onderhewig. Die hof *a quo* het bevind dat daar nie wesentlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van ‘n mindere vonnis regverdig nie. Die hof het gesteun op **S v MOFOKENG** 1999 (1) SASV 502 soos toegepas in **S v SHONGWE** 1999 (2) SASV 220 in hierdie hof vir die sienswyse dat die gewone tipe versagtende omstandighede wat in die meeste sake voorkom nie voldoende is om die sogenaamde wesentlike en dwingende omstandighede daar te stel wat die oplegging van ‘n mindere vonnis regverdig nie. Sedert gemelde beslissings het die Hoogste van Appèl egter in **S v MALGAS** 2001 (1) SA 469 HHA ‘n ander mennig daarop nagehou. Dit is in gemelde beslissing bevestig dat enige omstandigheid wat na die oordeel van die hof voldoende is wel die vereiste wesentlike en dwingende omstandighede daar kan stel.

[16] Daar moet met die hof *a quo* saamgestem word dat hier nie werklik wesentlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van ‘n mindere vonnis as die

voorgeskrewe minimum van 15 jaar gevangenisstraf regverdig nie. Na heelwat bepeinsing het ek egter tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie 'n geval is waar daar nie werklik gronde bestaan waarom 'n langer periode gevangenisstraf as die voorgeskrewe minimum van 15 jaar gevangenisstraf opgelê moet word nie. Hierdie siening word teweeggebring hoofsaaklik vanweë die appellant se besondere gunstige persoonlike omstandighede. Daarby meen ek dat dit foutief is om die appellant se morele blaamwaardigheid in hierdie geval anders aan te slaan bloot omdat hy 'n polisiebeampte is. Na alles is polisiebeamptes net soos ander mense nie gevrywaar van emosionele aanslae teweeggebring deur traumas in hul persoonlike verhoudinge nie. Ek meen nie dat **S v KRIELING** *supra* verstaan behoort te word as dat polisiebeamptes wat dit betref anders behandel moet word as andere nie. Van die polisiebeamptes in daardie saak was verwag dat hulle in hul ondersoek van misdrywe professioneel en gedissiplineerd moet optree en nie moet swig voor die versoeking om verdagtes aan te rand nie. Dit

maak die omstandighede van daardie saak heeltemal onderskeibaar van die onderhawige.

In al die omstandighede slaag die appèl teen vonnis dermate dat die vonnis van 18 (agtien) jaar gevangenisstraf opgelê op klagte 4 dit wil sê moord vervang word met 'n vonnis van 5 (vyftien) jaar gevangenisstraf. Dit word origens bevestig dat die vonnis opgelê op klagte 3 samelopend uitgedien kan word met die vonnis van 15 (vyftien) jaar opgelê op klagte 4.

**C.B. CILLIé, R**

Ek stem saam.

**A.P. BECKELY, R**

Ek stem saam.

---

**H.M. MUSI, R**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Advokaat S.J. Reinders<br>In opdrag van:<br>Honey Prokureurs<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Advokaat J.H.S. Hiemstra SC<br>In opdrag van:<br>Direkteur van Openbare<br>Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/EM